

Inhoud

Inhoud	i
Dankbetuiging	ii
Voorwoord	iii
HOOFSTUK 1	1
Sleutels, toonhoogtes en nootwaardes	1
HOOFSTUK 2	12
Tydmaattekens	12
HOOFSTUK 3	19
Groepering	19
HOOFSTUK 4	31
Toonsoorte	31
HOOFSTUK 5	38
Toonlere	38
HOOFSTUK 6	50
Transponerende instrumente	50
HOOFSTUK 7	60
Intervalle	60
HOOFSTUK 8	69
Drieklanke	69
HOOFSTUK 9	77
Verdubbeling van note	77
HOOFSTUK 10	90
Harmonie	90
HOOFSTUK 11	101
Komposisietegnieke	101
HOOFSTUK 12	111
Melodieskryf	111
HOOFSTUK 13	118
Tweestemmige kontrapunt	118
HOOFSTUK 14	125
Terme, tekens en versierings	125
BIBLIOGRAFIE	133
BYLAAG: Assesseringskaart	135

Assesseringsopdragte

1. Gee 'n voorbeeld van die enharmoniese verandering van die volgende note. Gebruik gepunteerde kwartnote.

D G[#] C^b A^{bb} E[#] F^x

2. Gee 'n voorbeeld van twee note onder 'n verbindingsboog. Gee ook hulle lettername.

3. Skryf A melodiese mineur opgaande met toonsoortteken in die G-sleutel.

4. Skryf die volgende intervalle bokant die gegewe note:

Rein Mineur Majeur Volmaakte Majeur
kwart terts sekst kwint sekunde

5. Gee die tegniese naam van elkeen van die volgende note in die aangeduide **MAJEUR** toonsoorte.

HOOFSTUK 2

Tydmaattekens



In Graad 11 moet van jy van alle enkelvoudige –en saamgestelde tydmaattekens kennisdra.

2.1 Enkelvoudige tydmaattekens


Die volgende tabel verduidelik die belangrikste enkelvoudige tydmaattekens:

Enkelvoudige tweeslagmaat		Enkelvoudige Drieslagmaat			Enkelvoudige vierslagmaat		
2	2 (C)	3	3	3	4 (C)	4	4
4	2 (C)	4	2	8	4 (C)	2	8

Tabel 2.1

Die volgende **onreëlmatige** enkelvoudige tydmaattekens word bygevoeg:

5	5	7	7
8	4	8	4



2.2 Saamgestelde tydmaattekens

In Graad 11 word die volgende saamgestelde tydmaattekens bygevoeg:

6	9	12	6	9	12
4	4	4	16	16	16

Die ooreenstemmende enkelvoudige tydmaatteken van elkeen van hierdie saamgestelde tydmaattekens word op dieselfde wyse as $\frac{6}{8}$ bereken:

$$\begin{array}{ccccccc}
 \begin{array}{c} 9 \\ 8 \end{array} & \div & \begin{array}{c} 3 \\ 2 \end{array} & = & \begin{array}{c} 3 \\ 4 \end{array} & \longrightarrow & \begin{array}{c} \text{In } \frac{9}{8} \text{ is daar 3} \\ \text{gepunteerde} \\ \text{kwartnoot-maatslae} \\ \text{per maat.} \end{array} \\
 \uparrow & & & & \uparrow & & \\
 \text{Saamgestelde} & & & & \text{Ooreenstemmende} & & \\
 \text{tydmaatteken} & & & & \text{enkelvoudige tydmaatteken} & &
 \end{array}$$

Vb. 2.1

Die omskakeling van 'n enkelvoudige tydmaatteken na 'n saamgestelde tydmaattekens word as volg bereken:

$$\begin{array}{r}
 4 \times 3 = 12 \\
 8 \times 2 = 16
 \end{array}$$

AKTIWITEIT 2.2 (VERVOLG)

AKTIWITEIT 2.3

Skryf langs kolom A die letter van die mees geskikte voorbeeld in kolom B.


















Kolom A	
4	
2	
2	
4	
3	
8	
4	
4	
6	
8	
3	
4	
♩	

Kolom B	
a)	
b)	
c)	
d)	
e)	
f)	
g)	

3.2 Saamgestelde tyd **Maatslae is *ALTYD* gepunteerd**

3.2.1 Onderverdeling van note

Die volgende tabel demonstreer die verdeling van 'n gepunteerde kwartnoot-maatslag en 'n gepunteerde halfnoot-maatslag:


Gepunteerde kwart-maatslag	Gepunteerde halfnoot-maatslag
     	           

Tabel 3.4

3.2.2 Groepering reëls


NOTE

Alle note wat deel is van dieselfde maatslag, word saam gegroepeer.



Die reëls by saamgestelde tydmaat is 'n verlenging van die reëls by enkelvoudige tydmaat ten opsigte van 'n noot wat oor twee maatslae strek:





⇒ Maatslag 1 en 2 moet saam gegroepeer word as dit uit een noot bestaan.



AKTIWITEIT 3.4


Skryf langs kolom A die letter van die mees geskikte opsie in kolom B.

Kolom A	
Foutiewe groepering	
Enkelvoudige drieslagmaat	
Twee note in die tyd van drie	
Saamgestelde drieslagmaat	
Korrekte groepering	

Kolom B	
a)	$\frac{6}{8}$
b)	
c)	$\frac{9}{8}$
d)	
e)	
f)	$\frac{3}{4}$
g)	

AKTIWITEIT 3.5

Verbeter die groepering van die volgende voorbeelde waar nodig:





4.5 Bepaling van 'n toonsoort

Daar is twee belangrike aspekte wanneer die toonsoort van 'n komposisie bepaal moet word:

- ⇒ Die toonsoortteken (die komposisie kan met –of sonder toonsoortteken geskryf word).
- ⇒ Die noot waarop die komposisie eindig. 'n Komposisie eindig altyd op die tonika.

INDIEN DIE KOMPOSISIE...

- ⇒ sonder toonsoortteken geskryf is: skryf die toontrappe neer en let op enige chromatiese note (note wat nie in die toonsoort voorkom nie). Hierdie inligting sal jou help om die toonsoort te bepaal.
- ⇒ onvoltooid eindig: kyk na die hantering van die leitoon. Met ander woorde, die leitoon word herken deur die opeenvolging van die volgende toontrappe:



Vb. 4.1

Enige noot van die mediant-, dominant- of leitoondrieklank kan voor of na die leitoon voorkom. Indien die leitoon nie op een van die wyses wat hierbo genoem is, hanteer word nie, **is dit nie die leitoon nie!** Met ander woorde, oorweeg 'n ander toonsoort.

AKTIWITEIT 4.4

Bepaal die toonsoort van die volgende melodieë:

JS Bach, *Contrapunctus IX*


EPH

5.2 Nuwe toonlere

5.2.1 Die heeltoon-toonleer

Soos die naam aandui, bestaan die toonleer uit heeltone (raadpleeg Vb. 5.3). 'n Heeltoon-toonleer kan op enige noot begin. Kruise of molle (nie 'n kombinasie nie) kan gebruik word om heeltone te skep. Die heeltoon-toonleer skep die gevoel van vaagheid en word deur komponiste soos Claude Debussy gebruik.

Heeltoon-toonleer op C




Vb. 5.3


AKTIWITEIT 5.3

Skryf die volgende heeltoon-toonlere sonder toonsoortteken:

Die afgaande heeltoon-toonleer op A in die bassleutel.




Die opgaande heeltoon-toonleer op D \flat in die altsleutel.



5.2.2 Die pentatoniese toonleer


Die voorvoegsel “penta” is afkomstig van die Griekse woord “pente” wat “vyf” beteken. Die pentatoniese toonleer bestaan dus uit vyf toonhoogtes uitsluitende een van die tonikas (raadpleeg Vb. 5.4). Die toonleer bestaan uit die note van die majeurtoonleer waarvan die 4^{de} en 7^{de} toontrap uitgelaat is. Volkswysies en kindermusiek word dikwels op die pentatoniese toonleer gebaseer omdat dit instinktiewe prikkel.



Vb. 5.4

AKTIWITEIT 5.6 (VERVOLG)

Die afgaande blues-toonleer op G \flat in die G-sleutel. Skryf met toonsoortteken in enkelvoudige drieslagmaat.




5.3 Modusse


Modusse is die voorgangers van toonlere en word vandag veral deur Jazz musikante gebruik. Soos toonlere, bestaan modusse uit agt opeenvolgende toonhoogtes. 'n Modus moet as 'n toonleer wat op enige toontrap van die toonleer begin, beskou word. Byvoorbeeld, C majeur wat op D begin. Die volgende tabel verduidelik die modusse wat op die verskillende toontrappe van 'n majeur voorkom. Alhoewel die voorbeelde in die tabel die modusse in C majeur uiteensit, geld dieselfde modusse ook vir enige ander majeurtoonleer .

Modusse op die toontrappe van 'n majeurtoonleer		
Modus	Toon-trap	Voorbeeld: Modusse in C majeur
<i>Ioniese modus</i> (majeur)	1	
<i>Doriese modus</i>	2	
<i>Frigiese modus</i>	3	
<i>Lidiese modus</i>	4	
<i>Miksolidiese modus</i>	5	
<i>Eoliese modus</i> (natuurlike mineur)	6	
<i>Lokriese modus</i>	7	


Tabel 5.2




Die opgaande Lidiese #2 modus op A \flat in die altsleutel. Skryf die toonleer met toonsoortteken. Skryf die toonleer in enkelvoudige tweeslagmaat.




Die opgaande Eoliese modus op F \sharp in die bassleutel. Skryf die toonleer met toonsoortteken.



Die afgaande Miksolidiese modus op B in die altsleutel. Skryf die toonleer sonder toonsoortteken.



Die afgaande Doriese #4 modus op G in die sopraansleutel. Skryf die toonleer met toonsoortteken. Skryf die toonleer in saamgestelde vierslagmaat.



AKTIWITEIT 5.8

Watter toonleer word in elkeen van die volgende aangepaste uittreksels uit komposisies gebruik? Skryf jou antwoord onder elke voorbeeld.




AKTIWITEIT 6.4

Transponeer die volgende melodieë laer volgens die vereiste interval. Skryf met toonsoortteken.




EPH

Volmaakte kwint




EPH

Majeur sekunde



6.3 Transponerende instrumente

Transponerende instrumente klink laer as konsertstemming (die toonhoogte waarop nie-transponerende instrumente, byvoorbeeld die klavier en viool gestem is). Gevolglik moet transponerende instrumente hoër speel as konserstemming. Transponerende instrumente word vernoem na die toonhoogte wat gehoor word wanneer C gespeel word. Byvoorbeeld, as 'n klarinet in B \flat 'n C speel, klink dit soos B \flat , 'n majeure sekunde laer. Om soos konsertstemming te klink, moet die klarinet in B \flat 'n majeure sekunde hoër speel as konsertstemming (raadpleeg Vb. 6.6 en vb. 6.7). Dieselfde beginsel geld vir wanneer konsertstemming 'n ander toonhoogte is. Die transponerende instrument se naam bly egter onveranderd.





Vb. 6.6 Transposisie van 'n klarinet in B \flat

HOOFSTUK 7

Intervalle

7.1 Verskillende tipes intervalle

In Graad 10 is twee groepe intervalle bespreek: Volmaakte intervalle en majeure intervalle. Die volgende tabel dien as opsomming daarvan:

VOLMAAKTE INTERVALLE	MAJEUR INTERVALLE
UNISOON (1), KWART (4), KWINT (5) EN OKTAAF (8)	SEKUNDE (2), TERTS (3), SEKST (6) EN SEPTIEM (7)
	

Tabel 7.1

7.2 Vereenvoudiging van 'n interval


As gevolg van die skuiftekens, is dit soms moeilik om die kwaliteit van 'n interval te bereken. Vat byvoorbeeld 'n vergrote kwart bokant B#. Om dit te vereenvoudig, kan die volgende stappe gevolg word:

- ⇒ Verwyder die toevallige teken: B# → B
- ⇒ Bepaal 'n vergrote kwart bokant B:




Vb. 7.1

- ⇒ Verander die vereenvoudigde interval terug na die oorspronklike interval, met ander woorde verhoog beide note met 'n halftoon:













Vb. 7.2

				
Verminderde septiem	Volmaakte kwint	Vergrote terts	Verminderde kwart	Mineur sekunde
				
Vergrote sekst	Verminderde oktaaf	Majeur septiem	Rein kwart	Majeur terts
				
Mineur terts	Rein kwint	Verminderde kwart	Majeur sekst	Verminderde septiem
				
Majeur sekunde	Volmaakte kwart	Vergrote terts	Verminderde kwint	Mineur septiem
				
Rein eenklank	Majeur sekst	Vergrote oktaaf	Majeur septiem	Verminderde kwart


AKTIWITEIT 7.3

Skryf die gevraagde intervalle bokant die gegewe note. Skryf alle antwoorde op die boonste notebalk. Die eerste een word as voorbeeld gegee.

				
				
Majeur terts	Volmaakte priem	Vergrote kwart	Mineur sekst	Verminderde septiem

HOOFSTUK 8

Drieklanke



In Graad 11 moet jy drieklanke in enige van die voorgeskrewe toonsoorte of modusse kan skryf.

8.1 Kwaliteit van die drieklank (tipe drieklank)

In Graad 10 is die kwaliteit van die majeur, mineur, vergrote en verminderde drieklank reeds bespreek en die volgende tabel dien as opsomming daarvan:

Majeur drieklank					
	Grondnoot	+	Majeur tertsbokant die grondnoot	+	Volmaakte kwint bokant die grondnoot
Vergrote drieklank					
	Grondnoot	+	Majeur tertsbokant die grondnoot	+	Vergrote kwint bokant die grondnoot
Mineur drieklank					
	Grondnoot	+	Mineur tertsbokant die grondnoot	+	Volmaakte kwint bokant die grondnoot
Verminderde drieklank					
	Grondnoot	+	Mineur tertsbokant die grondnoot	+	Verminderde kwint bokant die grondnoot

Tabel 8.1

8.2 Kwaliteit van drieklanke in die majeur, harmoniese mineur en natuurlike mineur (Eoliese modus)

Majeur	I	ii	iii	IV	V	vi	vii°	I
Harmoniese mineur	i	ii°	III+	iv	V	VI	vii°	i
Natuurlike mineur/Eoliese modus, bv. op A	i (ACE)	ii° (BDF)	III (CEG)	iv (DFA)	v (EGB)	VI (FAC)	VII (GBD)	i (ACE)

Tabel 8.2




G: I I_4^6 (I^c)

Vb. 8.3

AKTIWITEIT 8.1

Beslyfer die volgende primêre drieklanke in die aangeduide toonsoorte. Die eerste een word as voorbeeld gegee.




F: I_4^6 e: A: B \flat : f:



A: d: c#: G: c:




B: Eb: F#: d: c#:



Ab: g#: C: bb: B:

AKTIWITEIT 8.2


Beslyfer die volgende drieklanke in enige geskikte modus. **NB:** Kyk eers na die toonsoortteken. Die eerste een word as voorbeeld gegee.



Lidies: vii⁶

9.3 Stemomvang


Stemomvang raadpleeg laagste en hoogste toonhoogte waartoe 'n spesifieke stem instaat is. Die omvang van die verskillende stemme is in Vb. 9.3 uiteengesit. Hierdie stemomvang moet nie oorskry word nie.



Vb. 9.3

9.4 Maksimum afstand tussen stemme

Die maksimum afstand tussen die verskillende stemme mag nie oorskry word nie en is as volg:




Vb. 9.4

Die meeste harmonieboeke beperk die afstand tussen die tenoor en die bas tot 'n twaalfde. Hierdie interval is egter baie moeilik vir die meeste klavierspelers.

9.5 Nootstele


Wanneer 'n akkoord vierstemmige geskryf word, wys die sopraan en tenoor se nootstele op en die alt en bas se nootstele af:



Vb. 9.5


9.6 Algemeen

- ⇒ Enige noot van 'n akkoord kan in enige stem geskryf word. Die basnoot kan moontlik voorgeskryf word deur die besyfering.
- ⇒ Versprei die stemme eweredig oor die notebalke so ver moontlik:



Vb. 9.6


is beter as



Vb. 9.7

AKTIWITEIT 9.1

Besyfer elkeen van die volgende **primêre** akkoorde, byvoorbeeld "C: I". Majeur- en 'n mineurtoonsoorte sal moontlik oorweeg moet word.




AKTIWITEIT 9.2

Voltooi die volgende akkoorde vierstemmig. Verdubbel die grondnoot en vul die ontbrekende note in. Gebruik die gegewe nootwaardes.

HOOFSTUK 10

Harmonie



Harmonie is die sameklank van verskillende stemme. Harmonie ondersteun die melodie en veskaf 'n voller klank aan 'n komposisie.

10.1 Kadense

- ⇒ Kadense is ruspunkte in musiek. Hulle kan met kommas en punte in letterkunde vergelyk word.
- ⇒ Kadense kom aan die einde van frases voor.
- ⇒ 'n Kadens bestaan uit twee akkoorde.
- ⇒ Daar is vier verskillende kadense (die majeure se besyfering word as voorbeeld gebruik):
 - Volmaakte (outentieke) kadens (V – I) } Klink voltooid, soos 'n punt
 - Plagale kadens (IV – I) } Klink voltooid, soos 'n punt
 - Onvolmaakte kadens (I – V) } Klink onvoltooid, soos komma
 - Onderbroke kadens (V – vi) } Klink onvoltooid, soos komma

AKTIWITEIT 10.2

Speel die volgende kadense op die klavier:

(i) (ii) (iii) (iv)

C: $\underline{V \quad I}$ $\underline{IV \quad I}$ $\underline{I \quad V}$ $\underline{V \quad vi}$

Volmaakte kadens Plagale kadens Onvolmaakte kadens Onderbroke kadens

Vb. 10.1

10.1.1 Die manlike –en vroulike kadens

Wanneer die kadens se eerste akkoord op 'n swak maatslag en die laaste akkoord op 'n sterk maatslag voorkom, staan dit as 'n **manlike kadens** bekend (raadpleeg Vb. 10.1(i) en (ii)). Gewoonlik is die slot-kadens van 'n komposisie 'n manlike kadens. Sodoende val die laaste akkoord op 'n sterk maatslag en word dus ritmies beklemtoon. Wanneer die kadens se eerste akkoord op 'n sterk maatslag en die laaste akkoord op 'n swak maatslag voorkom, staan dit as 'n **vroulike kadens** bekend (raadpleeg Vb. 10.1 iii)). Dit dra by tot die “komma gevoel”.

AKTIWITEIT 10.2

Beslyf die volgende kadense. Majeur –en mineurtoonsoorte moet oorweeg word.

First exercise: Treble clef, C major, common time (C). Bass clef, C major, common time (C). Second measure: Treble clef, D major, 2/4. Bass clef, D major, 2/4. Third measure: Treble clef, B minor, 2/4. Bass clef, B minor, 2/4. Ends with a double bar line.

Second exercise: Treble clef, D major, 2/4. Bass clef, D major, 2/4. Second measure: Treble clef, B minor, 2/4. Bass clef, B minor, 2/4. Third measure: Treble clef, D major, 2/4. Bass clef, D major, 2/4. Ends with a double bar line.

Third exercise: Treble clef, D major, 2/4. Bass clef, D major, 2/4. Second measure: Treble clef, C major, common time (C). Bass clef, C major, common time (C). Third measure: Treble clef, B minor, 2/4. Bass clef, B minor, 2/4. Ends with a double bar line.




Voorbeeld 11.2



11.3 Nabootsing

Soos die term aandui, vind nabootsing plaas waneer 'n motief of melodie in 'n **ander stem** nageboots word. Nabootsing kan op enige toonhoogte voorkom. Dit kan voordat –of nadat die aanvangsmotief of melodie voltooi is, voorkom. Alhoewel nabootsing in verskeie komposisies voorkom, word dit hoofsaaklik met kanons en fugas geassosieer. Indien 'n motief nie presies nageboots word nie, staan dit as “vrye nabootsing” bekend.

Bartók, *Chromatiesse Invensie* uit *Mikrokosmos*, Vol. III, no. 91



Voorbeeld 11.3

11.4 Sekwens


Wanneer 'n patroon op 'n ander toonhoogte in **dieselfde stem** herhaal word, staan dit as 'n sekvens bekend (raadpleeg Voorbeeld 11.4). 'n Sekvens volg direk op die patroon. Daar kan selfs meer as een sekvens na mekaar voorkom. 'n Sekvens kan as tonaal (diatonies) of reël (chromaties); melodies or harmonies geklassifiseer word.

11.4.1 Tonale (diatoniese) sekvens

'n Sekvens wat in dieselfde toonsoort as die patroon is, staan as 'n tonale sekvens bekend (raadpleeg Voorbeeld 11.4).

12.2 Voltooiing van 'n agt-maat melodie

Daar twee vier-maat frases in 'n agt-maat melodie. Elke frase kan in twee dele verdeel word: die **voorsin** (vraag) en die **nasin** (antwoord). Die eerste subfrase van 'n vier-maat frase is die motief wat deur een van die komposisietegnieke wat in die vorige hoofstuk behandel is, in die daaropvolgende twee mate beantwoord word. Jy kan die volgende raamwerk gebruik wanneer jy jou eie melodieë skryf:



* Die akkoordprogressie en kadense is slegs 'n voorbeeld en nie 'n vaste reël nie.

Vb. 12.1

Voorbeeld van 'n agt-maat melodie:

Vb. 12.2

AKTIWITEIT 12.2

Voltooi die volgende melodieë deur die stappe wat jy onder 12.1 geleer het, te volg. Sluit ten minste een komposisietegniek wat in die vorige hoofstuk behandel is, in elke melodie in. Indien die leitoon nie in sommige mineur-melodieë verhoog is nie, moet die melodie in die Eoliese modus geskryf word.